# SKOOLFONDS - HOëRSKOOL DE AAR – 2025

***Skoolfonds Aanhangsel A - 2025***

**Geagte Ouer(s)/Wettige Voog(de)**

**U moet die Skoolfondsvorms Aanhangsels A en B van hierdie skrywe vir verdere inligting hou, maar moet asseblief Aanhangsel C volledig voltooi, onderteken en IN PERSOON na die skool terugbring.**

**Hierdie skrywe bevat *baie belangrike inligting* en u as ouer(s)/wettige voog(de) moet dit baie noukeurig deurlees, die onderneming gemerk Aanhangsel C volledig voltooi, onderteken en voor/op Maandag, 4 November 2024, in persoon na die skool terugbring. LET WEL: Die inligting op Aanhangsel C, sowel as enige stawende dokumente, moet 100% korrek en waar wees. Indien nie, kan hierdie dokumente in die hof dien as bewyse van bedrog en/of versuiming om u verantwoordelikheid na te kom.**

1.1 ‘n **Aparte** vorm moet **vir elke kind verbonde aan Hoërskool De Aar** voltooi word. Versuim om die vorm betyds in te dien, sal tot gevolg hê dat u kind **nie op 15 Januarie 2025 tot Hoërskool De Aar toegelaat sal word nie weens onvoltooide dokumentasie**. Ons kan nie ons stelsel opdateer sonder u samewerking in hierdie verband nie. **Dit sluit die bewys van woonadres in, nie ouer as 6 maande nie**.

**Die inligting op Aanhangsel B bevat wetlike aspekte wat baie sorgvuldig bestudeer moet word.**

1.2 **Die skoolfonds vir 2025 is as volg:**

1.2.1 **Die skoolfonds vir 2025 beloop R14 750.00 per jaar per leerder, en die volle skoolfondsbedrag is vooruit betaalbaar VOOR 28 Februarie 2025. Die bedrag moet REEDS OP 28/02/2025 in die skool se bankrekening verskyn, anders verbeur u die korting. Die Beheerliggaam is egter bereid om u tegemoet te kom met afbetaling soos per die opsie hieronder uiteengesit.**

1.2.2 Die NKOD het in 2024 slegs R23 305.00 vir handboeke en skryfboeke voorsien, R22 010.00 vir fotostate (papier) en R0.00 vir ander kopieërwerk. Volgens die skool se begroting vir 2025, beloop hierdie bedrag R53 000.00 vir handboeke, R26 000.00 vir skryfboeke, R53 000.00 vir fotostate (papier) en R81 700.00 vir ander kopieërwerk. Die totale begrote uitgawe daarvoor is R213 700.00 teenoor ‘n toekenning van R45 315.00.

Om die Beheerliggaam in staat te stel om u kind van dag een te voorsien met hierdie broodnodige materiaal, **is die eerste skoolfondspaaiement van R1 475.00 verpligtend vir ALMAL en betaalbaar VOOR/OP 15 Januarie 2025, ONGEAG DIE BETALINGSOPSIE WAT U KIES, EN OF U VIR VRYSTELLING WIL AANSOEK DOEN.** **Maak asseblief reeds in 2024 voorsiening vir hierdie eerste verpligte paaiement indien nodig**.

1.2.3 **EENMALIGE BETALINGS moet soos volg gedoen word:**

| | |
|---|---|
| **EENMALIGE BETALING, vir ALMAL wat hierdie opsie kies, betaalbaar VOOR 28/02/2025:** | |
| **Eenmalige betaling VOOR die skool op 15/01/2025 open, NA R300.00 korting:** | **R 14 450.00** |

**OF:**

| | |
|---|---|
| **EENMALIGE BETALING, vir ALMAL wat hierdie opsie kies, betaalbaar VOOR 28/02/2025:** | |
| **Eerste verpligte paaiement VOOR/OP 15/01/2025:** | R 1 475.00 |
| **Daarna**, skoolfonds vir die res van die jaar NA R300.00 korting: | R 12 975.00 |
| **Totale skoolfonds dus betaalbaar VOOR 28/02/2025:** | **R 14 450.00** |

Indien u u kind later inskryf gedurende die jaar, of indien u kind vroeër weggaan gedurende die jaar, sal u skoolfonds pro rata uitgewerk word. U moet die berekening by me. Myburgh afhaal.

…/2

1.2.4 **MAANDELIKSE BETALINGS moet soos volg gedoen word**:

| MAANDELIKSE BETALINGS, STIPTELIK ELKE MAAND, vir ALMAL wat hierdie opsie kies: (HIERDIE OPSIE MOET SAAM MET PARAGRAWE 1.2.5 - 2.4 GELEES WORD!) | | |
|---|---|---|
| Januarie (1): | **Eerste verpligte paaiement VOOR/OP 15/01/2025:** **(Voorsien vroegtydig vir hierdie eerste paaiement, reeds in 2024 indien nodig.)** **(Indien u u salaris op die 15de ontvang, geld beide bogenoemde en ondergenoemde betalings nog steeds - maak reeds in 2024 voorsiening!)** | R 1 475.00 |
| Januarie (2): | **Tweede paaiement** uit u **Januarie** salaris, nie later as 7 Februarie 2025 nie: | R 1 475.00 |
| **Totaal vir Januarie:** | **Totaal vir Januarie 2025 na 2 (TWEE) betalings:** | **R 2 950.00** |
| Februarie: | Derde paaiement uit u Februarie salaris, nie later as 7 Maart 2025 nie: | R 1 475.00 |
| Maart: | Vierdie paaiement uit u Maart salaris, nie later as 7 April 2025 nie: | R 1 475.00 |
| April: | Vyfde paaiement uit u April salaris, nie later as 7 Mei 2025 nie: | R 1 475.00 |
| Mei: | Sesde paaiement uit u Mei salaris, nie later as 7 Junie 2025 nie: | R 1 475.00 |
| Junie: | Sewende paaiement uit u Junie salaris, nie later as 7 Julie 2025 nie: | R 1 475.00 |
| Julie: | Agste paaiement uit u Julie salaris, nie later as 7 Augustus 2025 nie: | R 1 475.00 |
| Augustus: | Negende paaiement uit u Augustus salaris, nie later as 7 September 2025 nie: | R 1 475.00 |
| September: | Tiende paaiement uit u September salaris, nie later as 7 Oktober 2025 nie: | R 1 475.00 |
| | | **R 14 750.00** |

Indien u u kind later inskryf gedurende die jaar, of indien u kind vroeër weggaan gedurende die jaar, sal u skoolfonds pro rata uitgewerk word. U moet die berekening by me. Myburgh afhaal.

1.2.5 Sodra u rekening in enige stadium gedurende die jaar 'n **90 (negentig) dae, met ander woorde 3 (drie) maande, uitstaande posisie** bereik, sal u **oorhandig word** vir die uitstaande skoolfonds vir die **RES van die jaar**. **Indien u nie die Beheerliggaam se vergunning vir afbetaling respekteer nie, sal u u opsie vir afbetaling verbeur, en sal die volle uitstaande skoolfondsbedrag vir die RES VAN DIE JAAR aan die prokureurs oorhandig word. Die oorhandigde bedrag vir die RES VAN DIE JAAR, TESAME met die prokureurs se kostes en rente, moet dan by die prokureurs betaal word, en NIE by die skool nie.**

1.2.6 **U as ouer(s)/voog(de) besluit self hoe u gaan betaal. Die keuse wat u hier gaan uitoefen, sal bindend wees vir opvolgdoeleindes. (SKOOLFONDS IS VOORUITBETAALBAAR.)**

1.2.7 **2% Rente per maand op saamgestelde bedrae sal gehef word vanaf 1 Februarie 2025 (30 [dertig] dae agterstallig), ONGEAG ENIGE BETALINGSREëLINGS GETREF, EN OF U VIR VRYSTELLING AANSOEK GEDOEN HET. Rente word bereken van die eerste dag van die maand tot die laaste dag van die maand, en word op die eerste werksdag van die volgende maand op u rekening bygevoeg. Indien u 'n betaling teen die einde van die maand gedoen het, maar die betaling word eers in die volgende maand in die skool se bankrekening ontvang, sal rente vir die agterstallige maand(e) bygevoeg word. Maak asseblief seker dat u betyds betaal.**

1.2.8 **SKOOLFONDS IS VERPLIGTEND EN AFDWINGBAAR. DIT IS U VERANTWOORDELIKHEID OM MAANDELIKS U SKOOLFONDSREKENING TE KONTROLEER EN SEKER TE MAAK U REKENING IS OP DATUM BETAAL – INSLUITEND OKTOBER.**

1.2.9 **DIE SKOOL SE BANKBESONDERHEDE VIR BETALINGS:**
**Standard Bank, De Aar, universele takkode 051001, tjekrekeningnommer 04 165 5990, verwysing: U skoolfondsrekeningnommer (regs bo op u maandelikse skoolfondsrekening), en leerder se voorletters en van. Vir nuwe leerders: Kry asb u skoolfondsrekeningnommer by Finansies sodra u u voltooide skoolfondsvorm terugneem skool toe.**

**2. INVORDERING VAN SKOOLFONDS**

2.1 U is bewus daarvan dat skoolfonds by Hoërskool De Aar afdwingbaar is, tensy u kwalifiseer vir volle vrystelling. Beskou hierdie skrywe as **skriftelike kennisgewing** dat u geregtig is om aansoek te doen vir **moontlike** vrystelling van skoolfonds. Vorms wat **U PERSOONLIK** moet afhaal vir onmiddellike voltooiing, is vanaf 21 Oktober 2024 tot 12 Desember 2024, tussen 07:00 en 13:00, Maandag tot Vrydag, by me. Myburgh beskikbaar. Dan weer vanaf 1 Februarie 2025. Die **VOLLEDIG voltooide dokumentasie** moet die skool voor/op 21 Februarie 2025 bereik.

**GEEN SKOOLFONDSVRYSTELLINGS SAL GEDURENDE JANUARIE HANTEER WORD NIE.**

…/3

2.2 Sodra u rekening **in enige stadium** gedurende die jaar 'n **90 (negentig) dae, met ander woorde 3 (drie) maande, uitstaande posisie** bereik, sal die proses met betrekking tot invordering in werking gestel word. (Sien aangehaalde gedeelte – paragraaf 5 – Aanhangsel B). Alle wetlike voorskrifte sal uitgevoer word tot en met die oorhandiging van u rekening aan ons regsverteenwoordigers. **Dit is u verantwoordelikheid om die skool, met die nodige bewyse, te kontak indien u met die rekening verskil. Indien u nie u betalings kontroleer en dadelik met die skool nagaan nie, kan die skool nie verantwoordelik gehou word vir die oorhandiging van agterstallige skulde aan die prokureurs nie. U sal dan ook verantwoordelik wees vir die betaling van die prokureurskostes en rente.**

2.3 Sodra hierdie proses begin is, sal **GEEN** skriftelike of telefoniese reëlings óf beloftes aanvaar word nie. Tref dus reeds in Januarie 2025 die nodige **SKRIFTELIKE** reëlings vir die gereelde betaling van u kind(ers) se skoolgeld om oorhandiging te voorkom.

2.4 **Aangesien u hierdie dokument onderteken, verklaar u dat u die inhoud hiervan verstaan, en erken u ook ontvangs hiervan.** Vir enige verdere navrae of onduidelikheid, kontak me. Myburgh by 053 - 631 3691, of besoek haar Maandag tot Vrydag tussen 07:00 en 13:00 by die skool.

**3. PERSOONLIKE BESONDERHEDE**

3.1 U word versoek om die skool **onmiddellik in kennis te stel sodra u kontakbesonderhede en woonadres verander**. Dit sal nie net verseker dat ons u in noodgevalle kan kontak nie, maar ook sodat u u skoolfondsrekening kan ontvang en betalings daarteen kan kontroleer.

3.2 Die skoolfondsvorm Aanhangsel C **MOET BEIDE** biologiese ouers/voogde se inligting bevat, en deur **BEIDE** biologiese ouers/voogde geteken word. Onvolledige vorms sal nie aanvaar word nie, dus versoek ons u om seker te maak dat die vorm **VOLLEDIG** is, en dat die **BEWYS VAN WOONADRES (nie ouer as 6 maande nie) AANGEHEG IS**.

3.3 **BELANGRIKE KENNISGEWING:**
**Die skoolfondsrekeninge word maandeliks PER E-POS AAN AL DIE OUERS gestuur. Maak asseblief seker dat u e-posadres(se) op die skoolfondsvorm verskyn, asook dat dit LEESBAAR en KORREK is. Maak asseblief ook seker dat u elke maand u skoolfondsrekening per e-pos ontvang. Alternatiewelik kan u 'n rekening by die skool afhaal. DIT BLY U VERANTWOORDELIKHEID OM OP DATUM TE BLY.**

**4. WENKE OM U FINANSIëLE POSISIE TE VERBETER EN SKOOLFONDSBETALINGS OP DATUM TE HOU**

Ons is terdeë bewus daarvan dat elke ouer/voog graag die beste vir sy/haar kind wil gee. Daarom is dit belangrik om noukeurig en oordeelkundig te beplan, en sodoende goeie verhoudings te bou. Die ondergenoemde wenke is ter aanvulling van u kind se opvoeding en toekoms.

4.1 Maak seker dat u elke maand vanaf Januarie tot September u skoolfondsrekening kry, en **kontroleer of u betalings op die rekening verskyn**.

4.2 **Dit is u verantwoordelikheid om die skool, met die nodige bewyse, te kontak indien u met die rekening verskil**.

4.3 **Indien u nie betyds die skool vir betalings kan besoek nie, kan u vir 'n debietorder by die skool teken**. Die eerste aftrekking (tweede paaiement) moet reeds vanaf u Januarie salaris wees sodat u rekening nie agterstallig raak nie. Neem asseblief die dubbel paaiement in Januarie in ag.

4.4 Alternatiewelik, laai 'n herhalende begunstigdebetaling (recurring/future dated payments) op u internet of elektroniese bankdienste.

4.5 **Maak asseblief seker dat u skoolfondsrekeningnommer, en u kind se voorletters en van as verwysing op die skool se bankstaat verskyn**.

4.6 Maak seker dat die aftrekking wel op u bankstaat betaal is, en nie as onbetaald teruggestuur is nie.

4.7 Indien u 'n meevaller/bonus ontvang, kan dit finansiële verligting bring indien u dit algeheel/gedeeltelik vir skoolfonds aanwend.

4.8 Stel 'n begroting op vir u inkomste en uitgawes, en dissiplineer uself om daarby te hou.

4.9 Gaan u begroting gereeld na, en verminder onnodige uitgawes.

4.10 Beplan vooruit en maak voorsiening vir groot toekomstige uitgawes.

4.11 Indien u, u skoolfondsrekening betyds betaal, kan u baie bespaar op rente en hoë oorhandigingskostes.

…/4

## 5. FINANSIëLE HULP SKOOLFONDS - HOëRSKOOL DE AAR

**Hierdie afdeling bevat *baie belangrike inligting* en u as ouer of wettige voog moet dit *baie noukeurig deurlees*, die erkenning van ontvangs gemerk op Aanhangsel C voltooi en voor/op Maandag, 4 November 2024, in persoon na die skool terugbring.**
**LET WEL: Die inligting op die vrystellingsaansoek, sowel as enige stawende dokumente, moet 100% korrek en waar wees. Indien nie, kan hierdie dokumente in die hof dien as bewyse van bedrog en/of versuiming om u verantwoordelikheid na te kom.**

**" 'n Ouer of wettige voog is aanspreeklik vir die betaling van skoolgeld ingevolge Artikel 39, tensy en tot die mate waarin hy of sy van betaling vrygestel is kragtens die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996.**
**'n Openbare skool kan die betaling van skoolgelde deur ouers, wat ingevolge Artikel 40 daarvoor aanspreeklik is, deur regsproses afdwing, nadat dit vasgestel is dat die ouer nie ingevolge die Wet kwalifiseer vir vrystelling van betaling van skoolgelde nie.**
**'n Openbare skool kan optree indien:**

**(a)** **die skool bewys kan verskaf van 'n skriftelike kennisgewing aan die ouer wat per hand of geregistreerde pos* gelewer is en dat die ouer versuim het om vir vrystelling aansoek te doen** soos in Artikel 39 beoog,**

**(b)** **ondanks die kennisgewing in paragraaf (a) beoog, die ouer versuim om die skoolgelde te betaal*** na 'n tydperk van drie maande na datum van kennisgewing."**

* insluitend SMS'e
** of dat die aansoek afgekeur is of gedeeltelik goedgekeur is
*** insluitend afgekeurde aansoeke of aansoeke wat gedeeltelik goedgekeur is

**DUS,** indien u finansiële bystand verlang, moet u van die volgende belangrike inligting kennis neem:

5.1 Daar moet vir elke nuwe skooljaar aansoek gedoen word.

5.2 **Slegs ouers of wettige voogde (soos per toelatingsaansoekvorms) kan 'n skrywe aan die voorsitter van die SBL rig waarin hulle aansoek doen om vrystelling van skoolfonds.** Dit kan beteken algehele, gedeeltelike, voorwaardelike of geen vrystelling.

5.3 U moet die aansoekvorms **persoonlik by me. Myburgh se kantoor afhaal waar u 'n kontrolelys moet voltooi en teken. GEEN** vorms sal vir die leerder(s) of ander partye gegee word nie. Om u privaatheid te beskerm en onverdeelde aandag vir u aansoek te ontvang, word u versoek om me. Myburgh vooraf te kontak vir 'n afspraak. **GEEN SKOOLFONDSVRYSTELLINGS SAL GEDURENDE JANUARIE HANTEER WORD NIE.**

5.4 Departementele vorms (Bylae A, B en C) sal dan **aan u persoonlik** voorsien word, asook 'n vrystellingsaansoekvorm. Voormelde vorms moet **VOLLEDIG** voltooi word, en **vergesel word deur al die nodige stawende dokumentasie**.

5.5 U vrystellingsaansoek sal as onvolledig beskou word indien **beide biologiese ouers se inligting NIE** die aansoek vergesel nie, ongeag of die ouers geskei of vervreem is, of nooit getroud is nie, 'n ouer onderhoud betaal of ontvang, 'n ouer nie meer kontak met die ander ouer het nie of wat die omstandighede dalk andersins is.

5.6 Die SBL kan nie onvolledige aansoeke afhandel nie. U is persoonlik verantwoordelik vir die afhaal, voltooiing en indiening van u aansoek. Dit is dus **baie belangrik dat u die aansoekvorms NOUKEURIG deurlees, en verseker dat u die aansoek VOLLEDIG indien. GEEN onvolledige aansoeke sal ingeneem word nie. Aansoeke mag nie deur die leerder(s) of ander partye afgelewer word nie. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir aansoeke wat nie deur uself ingedien word nie, en waarvoor u op die kontrolelys hierbo gemeld geteken het nie.**

5.7 **VOLLEDIGE aansoeke moet nie later nie as VRYDAG, 21 Februarie 2025, by Hoërskool De Aar ingedien word. Aansoeke moet verwerk word vir bespreking op die Finansiële Komitee en die SBL se vergaderings. Dit is dus noodsaaklik dat u u aansoek betyds indien. GEEN SKOOLFONDSVRYSTELLINGS SAL GEDURENDE JANUARIE HANTEER WORD NIE.**

5.8 **Indien u nie u VOLLEDIGE aansoek BETYDS indien nie, en versuim om skoolfonds te betaal, sal die oorhandigingsproses gevolg word.**

5.9 Die SBL sal u aansoek ondersoek en u binne 30 (dertig) dae skriftelik van hul besluit verwittig.

5.10 Die oorspronklike vorms bly by die skool en 'n afskrif word aan die Departement van Onderwys gestuur.

## BELANGRIKE KENNISGEWING:

**Indien u vir skoolfondsvrystelling wil aansoek doen, MOET Aanhangsel C NOG STEEDS VOLLEDIG VOLTOOI, GETEKEN EN NA DIE SKOOL TERUGGEBRING WORD. Indien u aansoek vir skoolfondsvrystelling afgekeur of gedeeltelik goedgekeur word, sal u keuse gemerk by paragraaf 6.2 toegepas word.**

**6. Voltooi hierdie bladsy VOLLEDIG EN NETJIES IN DRUKSKRIF**, en bring terug na Hoërskool De Aar voor/op Maandag, 4 November 2024.

**‘n Aparte vorm moet vir elke kind verbonde aan Hoërskool De Aar voltooi word (in DRUKSKRIF).**

| | | |
|---|---|---|
| **LEERDER SE VAN:** | | **GRAAD 2025:** |
| **LEERDER SE VOLLE NAME:** | | |

**6.1 BESONDERHEDE VAN BEIDE OUERS/WETTIGE VOOGDE/PERSONE wat verantwoordelik is vir die betaling van die kind(ers) se skoolfonds. Hierdie inligting MOET ooreenstem met die dokumentasie en inligting voorsien op die kind(ers) se aansoekvorm vir toelating tot die skool.**

| | **MNR (VADER/VOOG)** | **ME (MOEDER/VOOG)** |
|---|---|---|
| **OUER(S) SE VAN:** | | |
| **OUER(S) SE VOLLE NAME:** | | |
| **ID NOMMER:** | | |
| **WOONADRES: voltooi & heg bewys aan - VERPLIGTEND (Bewys: NIE HSDA NIE)** | (Bewys van adres nie ouer as 6 maande nie) | (Bewys van adres nie ouer as 6 maande nie) |
| **POSADRES:** | | |
| **WERKGEWER SE NAAM:** | | |
| **WERKGEWER SE ADRES:** | | |
| **TELEFOON NO WERK:** | | |
| **TELEFOON NO HUIS:** | | |
| **SELFOON NOMMER:** | | |
| **SEL NO VIR SMS'E (slegs 1 ouer):** | | |
| **E-POS ADRES: (VERPLIGTEND)** | | |

**VOLLE NAME EN VANNE VAN BOGENOEMDE LEERDER SE BROER(S) EN/OF SUSTER(S) BY HOëRSKOOL DE AAR**

| VAN | VOLLE NAME | GEBOORTEDATUM | GRAAD 2025 |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |

**6.2 Voltooi asseblief die onderstaande (VERPLIGTEND):**

Ek/Ons, ouer(s)/wettige voog(de) soos per paragraaf 6.1 uiteengesit, van leerder soos per paragraaf 6 uiteengesit, onderneem om die skoolfonds vir 2025 soos volg te betaal: (Dui aan met ‘n kruisie ‘X’)

| | |
|---|---|
| | **MAANDELIKS: ‘n Eerste verpligte paaiement van R1 475.00 VOOR/OP 15/01/2025 (maak reeds in 2024 voorsiening indien nodig),** daarna nog 9 maandelikse paaiemente van R1 475.00 **vanaf u salaris in Januarie** tot u salaris in September, voor/op die 7de van die volgende maand, dus ‘n **dubbel paaiement in Januarie**. **Die oorhandigingsproses is nog steeds van toepassing en kry voorkeur – verwys na Aanhangsels A en B vir volle besonderhede**. |
| | **EENMALIG: ‘n Eerste verpligte paaiement van R1 475.00 VOOR/OP 15/01/2025 (maak reeds in 2024 voorsiening indien nodig), DAARNA R12 975.00 VOOR 28/02/2025.** Indien die **VOLLE** eenmalige paaiement van R14 450.00 (m.a.w. R1 475.00 + R12 975.00) **NIE VOOR 28/02/2025 betaal is nie, verbeur u die korting van R300.00 (verwys na Aanhangsels A en B vir volle besonderhede)**, en sal hierdie opsie outomaties na ‘n maandelikse opsie verander word. U is welkom om die volle bedrag van R14 450.00 te betaal voor die skool op 15/01/2025 open. |

**6.3 ONDERNEMING EN VERKLARING DEUR OUER(S)/WETTIGE VOOG(DE) (VERPLIGTEND):**

Ek/Ons, ouer(s)/wettige voog(de) soos per paragraaf 6.1 uiteengesit, van leerder soos per paragraaf 6 uiteengesit, aanvaar hiermee my/ons finansiële verpligtinge teenoor Hoërskool De Aar en onderneem om dit stiptelik uit te voer.
Ek/ons verklaar ook dat ek/ons die inhoud van hierdie skrywe, Aanhangsels A, B en C, verstaan, en erken ook ontvangs hiervan.

**GETEKEN TE ___________________________ (DORP) OP ______/______/ 20______ (DATUM).**

**VERPLIGTE HANDTEKENING VAN MNR (VADER/VOOG)** | **VERPLIGTE HANDTEKENING VAN ME (MOEDER/VOOG)**

**(DRUKSKRIF - VOORLETTERS EN VAN)** | **(DRUKSKRIF - VOORLETTERS EN VAN)**